# Eldo-Gespreksgids

## Jeremia 31:31-34

Ons leef in 'n wêreld waar daar baie stemme is wat ons aandag vra. Sosiale media, nuus, boeke en selfs mense wat beweer dat hulle namens God praat. Dit beïnvloed hoe ons dink en leef. Die vraag is egter nie of daar baie stemme is nie, maar **watter stem ons kies om te volg**.

Dit was ook die uitdaging in Jeremia se tyd. Jerusalem was op die punt om vernietig te word en die volk was geestelik ver van God af. Hulle het eerder geluister na vals profete wat vir hulle gesê het wat hulle graag wou hoor, as na die Woord van die Here. Terwyl ander vrede belowe het, het Jeremia die volk opgeroep om terug te keer na God se verbond en sy Woord.

In hierdie donker tyd gee God egter 'n wonderlike belofte: Hy sal 'n nuwe verbond sluit. Die probleem was nooit God se wet of sy Woord nie; die probleem was die mens se hart. Daarom belowe God: **"Ek sal my woord in hulle binneste gee en dit op hulle harte skryf."** Hierdie nuwe verbond word verder verduidelik in Esegiël 36, waar God belowe om sy volk 'n nuwe hart en Sy Heilige Gees te gee. Die Gees verander nie God se waarheid nie, maar verander óns sodat ons Sy waarheid kan liefhê en daarvolgens kan leef.

Dit help ons ook om profesie reg te verstaan. In die Bybel was 'n profeet in die eerste plek iemand wat **God se Woord getrou verkondig het**. Hulle hoofdoel was altyd om die volk terug te roep na God en sy verbond. Profete het terug gekyk in die geskiedenis en eienskappe van God raakgesien en dan het hulle geweet dit is hoe God ook in die toekoms gaan optree. Vandag moet ons daarom versigtig wees om elke sogenaamde "woord van die Here" sonder onderskeiding te aanvaar. Elke boodskap moet gemeet word aan die Skrif.

God se stem word die duidelikste gehoor wanneer ons sy Woord lees. Daarom is gereelde stiltetyd nie bloot 'n geestelike gewoonte nie; dit is hoe ons verhouding met God groei. Die Heilige Gees gebruik die Woord om ons harte te verander, ons geloof te versterk en ons te help onderskei tussen waarheid en dwaling.

Die vraag waarmee ons elkeen vandag huis toe gaan, is eenvoudig: **Wie se stem bepaal my lewe?** Is dit die kultuur, my eie gevoelens, ander mense se opinies, of die Woord van God?

## Gespreksvrae

- Watter "stemme" kompeteer vandag die meeste met God se Woord in jou eie lewe, en hoe beïnvloed dit jou geloof?
- Waarom dink jy is dit belangrik om elke profesie, preek of geestelike boodskap aan die Skrif te toets? Hoe kan ons dit prakties doen?
- Watter praktiese verandering kan jy hierdie week maak om meer doelbewus tyd in God se Woord deur te bring sodat sy stem jou lewe vorm?

2 Aug 2026

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie